

21 Desember

Skrifgedeelte: Filémon 1:1-25

Fokusgedeelte: Filémon 1:20

Die geloofsband tussen God se kinders

Nogal 'n ongemaklike situasie dié. Maar miskien is ongemaklike situasies tussen gelowiges 'n vreugde ... Onesimus, Filémon se slaaf, het weggeloop. Soos die Here dit wou hê, kom Onesimus by Paulus uit sodat hy Jesus kan vind.

Paulus het 'n probleem: Wat nou gemaak met Onesimus? Hou ek hom hier by my om vir my te werk? Laat ek hom vry? Maar hy behoort nog wetlik aan Filémon. Stuur ek hom terug na Filémon, is dit ook 'n risiko – wegloopslawe word met die dood gestraf om ander af te skrik.

Maar daar is 'n band wat groter is as al hierdie oorwegings – 'n familieband, vriendskapsband, geloofsband tussen God se kinders. Al is ons ver van mekaar, al is ons omstandighede dalk nie dieselfde nie, al is ons voorkeure verskillend, ek en jy is kinders van God en voor Hom is ons hart één in sy vrede!.

So, Paulus skryf 'n briefie aan Filémon: Liewe Filémon, neem asseblief in liefde vir Onesimus as slaaf by jou terug. Deur sy weglopery het hy die Here gevind. Nou is hy nie net jou slaaf nie, hy is jou broer ook nog. Genade! Paulus.

Op 'n dag daag Onesimus by Filemon op en gee die brief vir hom. En Filemon lees die brief van sy broer Paulus met dieselfde Gees van Christus.

Wat 'n vreugde! 'n Moeilike probleem opgelos omdat kinders van die Here mekaar in Christus vertrou.

Wees op die uitkyk! Miskien kan jy vandag met 'n broer of suster saamwerk om 'n moeilike probleem maklik op te los. Wat 'n fees!

Sing: Psalm 133:1, 2 (1936) en/of Psalm 133:1, 2 (2001a), en/of Psalm 133:1 (2001b)

Ds JP Fleischmann (Kaapstad)